**Tekens van die Tyd**

> *"In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi. En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donkerrooi. Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en* ***kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie****?"* (**Matt. 16:2-3**, my beklemtoning).

Het die Bybel iets te sê oor die rasse onluste wat in die stede van Amerika plaasvind en wat dwarsoor die wêreld weerklank vind? Dit lyk wel so, want toe die dissipels vir Jesus gevra het wat die tekens van Sy wederkoms en die voleinding van die wêreld gaan wees, was Sy antwoord:

> *"Want* ***die een nasie sal teen die ander opstaan*** *en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is* ***'n begin van die smarte****"* (**Matt. 24:7-8**, my beklemtoning).

Die Griekse woord *éthnos* wat in hierdie skrifgedeelte met "nasie" vertaal word, se betekenis word so in die ***Greek Dictionary of the New Testament*** weergegee:

"...**a race**, as of the same habit, i.e. a tribe..."

***The Complete Word Study Dictionary New Testament*** van Spiros Zodhiates verduidelik die woord so:

"...a people, **race,** belonging and living together"

Die Engelse woord *ethnic* (Afr. etnies) wat van *ethos* afgelei is, se betekenis word beskryf as:

> "...groups of people who have certain racial, cultural, religious, or other traits in common. The **word** is ...from Greek... ethnos...The concept of **ethnic origin** is an attempt to classify people, **not according to their current nationality, but according to commonalities in their social background**" (https://en.wikipedia.org/wiki/Ethnic origin, my beklemtoning).

Die ***Longman Contemporary English Dictionary*** definieer die woord *ethnic* ook as:

"...a **racial,** national or **tribal** group..." (My beklemtoning).

Met hierdie betekenis in gedagte sou dit miskien meer beskrywend wees om die woord *ethnos* in **Mattheus 24:7** met "ras" of "etniese groep" te vertaal.

Na aanleiding van die betekenis van die woord *ethnos* blyk dit dat die bewoording van **Mattheus 24:7** nie net na konflik tussen nasies en lande ("...een koninkryk teen 'n ander") verwys nie, maar ook na spanning tussen rasse en etniese groepe.

**Huidige etniese konflik in die wêreld**

Die afgelope tyd word ons geskok deur tonele van brandende motors en vlammende geboue as gevolg van rasse onluste in die strate van baie dorpe en stede in Amerika. Dit is moeilik om te aanvaar dat dié dinge besig is om te gebeur in die sogenaamde mees beskaafde en ontwikkeldste land ter wêreld!

In baie ander lande van die wêreld raak die rassekwessie ook ’n groot probleem as gevolg van die groot getalle immigrante wat vanaf Arabiese en Afrika lande instroom. Ook hier in Suid-Afrika het ons ’n lang geskiedenis van rassespanning tussen die verskillende rassegroepe in ons land.

**Tekens van die Tyd** of is dit die **Tyd van die Tekens?**

Nadat Jesus dinge soos oorloë, onrus tussen nasies, aardbewings, hongersnood en pessiektes opgenoem het as tekens van die tyd, verduidelik Hy dat dié dinge maar die begin van die *“geboortepyne”* is (**Matt. 24:8**, NV, 1983).

Enige vrou wat al natuurlike geboorte geskenk het, sal kan verduidelik dat daar nie net na die pyne gekyk moet word nie, maar ook na die frekwensie waarop hulle plaasvind. Dinge soos aardbewings, storms, siektes, peste en hongersnood wat as geboortepyne beskryf word, was nog altyd teenwoordig in die wêreld, maar dat daar in die moderne tyd ’n toename in die frekwensies is waarin hulle plaasvind, is ooglopend.

Hierdie tyd waarna die begin van die “*geboortepyne”* verwys, word ook deur Paulus beskryf:

“*Maar weet dit, dat daar **in die laaste dae swaar tye sal kom...”*** (**2 Tim. 3:1-5***).*

In teenstelling met die populêre vrede en voorspoed evangelie wat so algemeen vandag verkondig word, voorspel God se Woord dat dinge in die wêreld gaan versleg. Alhoewel daar nog altyd in die geskiedenis van die kerk tye van geestelike oplewing was, is daar geen Skriftuurlike bewys om te glo dat daar in die eindtye groot herlewings gaan plaasvind nie; inteendeel dit lyk of die Bybel die teenoorgestelde voorspel.

Die Skrif beskryf ’n wêreld wat in die eindtye geteister gaan wees deur:

– valse profete (**1 Joh.4:1, 2 Tim.4:3**, **Matt.24:4** ).
– morele verval (**Luk. 17:26-27** “…soos in die dae van Noag…” – Sodom en Gomorra.
– wetteloosheid, (**2 Tim.3:1-4**)
– oorlog (**Matt. 24:7-8**)
– etniese spanning, (**Matt. 24:7-8**)
– radeloosheid en benoudheid onder die mensdom (**Luk.21:25**)
– hongersnood (**Luk.21:11**)
– pestilensies (**Luk. 21:11**)
– aardbewings (**Matt. 24:7-8**)
– ’n afdwaal van die Waarheid van die Woord (**Luk.18:8**, **1 Tim. 4:1**))
– ’n afkoeling van liefde en geloof (**Luk.18:8**)

– wye klem op valse vrede in die wêreld (**1 Thess. 5:3**)

**Israel as eindtyd teken**

'n Ander belangrike teken van die eindtyd wat in aanmerking geneem moet word, is die gebeure wat in Israel plaasvind. Vir meer as twee duisend jaar het die Jode geen land gehad wat hulle as hulle vaderland kon beskou nie en toe die staat Israel in 1948 tot stand kom, het Jode van dwarsoor die wêreld soontoe gestroom. Daar is vele skrifgedeeltes in die Bybel wat Israel in die eindtydgebeure betrek.

Jesus het vooruit geweet wat met Israel sou gebeur toe Hy voorspel het:

> *"...Jerusalem sal deur vreemdelinge vertrap word tot die tye van die nasies vervul is"* (**Luk.21:24**).

Hierdie terugkeer van Jode van regoor die wêreld wat vanaf 1948 begin het, is al deur die profete in die Ou Testament voorspel:

> *"…Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde (**Jes. 11:12**).*

> *"…Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het"* (**Jer. 16:15**).

**Teen die agtergrond van al hierdie tekens wat tans in die wêreld waarneembaar is, moet die waarskuwing van Jesus in Mattheüs 24:42-44 ernstig opgeneem word:**

> *"Omdat julle nie weet watter uur die Here kom nie... Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*"

**Slotsom**

Vir dié wat **in Christus** is, selfs in 'n tyd wat die wêreld geteister word deur politiese chaos, onluste, siekte epidemies en ekonomiese ineenstorting, verseker God ons in Sy Woord:

> "*…in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie"* (**Rom. 8:37-39**)

**Nick Maartens**
**Jeffreysbaai**
**0827826074**
**nickmaartens@hotmail.com**